

## 'n Woordjie vooraf.

---

In mijn oge is daar gen edeler werk als 'n goeie boek te skrywe, en ik weet dat daar in die laaste tijd vooral, 'n harstog tot skrywe in menig Afrikaner-hart aan die brand is. In mij gloei die kooltjie al van mijn vijftiende jaar, en ik meen dat ik al 'n paar dingetjies geskrywe het, die nog lang na mijn dood sal lewe. Op die ogenblik, egter, is mijn ou'e kooltjie onder die as en stof van 'n bedrijwig lewe begrawe. Ik sit van Januarie tot December tussen die wiele

Intusse, egter, kan ik andere skrywers 'n handjie help en dit is bijna net so lekker als om self te skrywe. Gedurig klop daar iemand bij mij aan met 'n manuskrippinge en met die tere vraag: „Sal u mij tog die plesier wil doen om naar mijn produkkie te kijk?” En gewoonlik voeg die persoon daarbij: „Seg mij tog eerlik of dit die moeite werd is om mijn werkie te laat druk!” — Dan neem ik die kindjie in mijn hand en ik denk bij mij selwe: „Sal daar lewe in sit, of nie? Sal ik die vader of moeder daarmee kan gelukwens, of sal ik in alle liefde moet sê: probeer liever weer; lees nog wat; lees goeie skrywers, en skryf dan weer. Tot siens, hoor!”

Enkele keer is dit mijn voorreg en geluk gewees om 'n eerstelingetjie van een of ander skrywer in die wereld te help bring, en dan was mijn vreugde bijna net so groot als die van die vader of moeder van die kindjie. Op die ogenblik is ik besig meneer J. G. ENGELA van Klerksdorp bij die geboorte van sijn eerste letter-kindjie bijtestaan, en waarlik, ik denk die dingetjie sal lewe, en, wie weet, door nog 'n paar broertjies en sussies gevolg worde.

Kijk, leser, meneer ENGELA is gen kunstenaar nie. Hij bekommer hom nie veel oor die woorde-kuns, en letterkunde. Hij weet nog nie dat 'n skrywer nooit haastig of slordig met woorde mag omgaan nie. Ik geloof nie, dat hij al tot die ontdekking gekom is, dat 'n mens met 'n taal kan tower en wondere verrig, dat gen musiek bij woorde-musiek kan daal nie,—maar, seg mij eerlik: hoeveel mense in Suid-Afrika bekommer hul oor die *vorm* van 'n letterkundig produk, so lang als die *inhoud* maar goed is?

Meneer ENGELA sijn krag is hierin gelege: hij gebruik

die taal van die Hollandse Afrikaners los weg en gemaklik; hij verstaan die kuns om die eigenaardige beelde en idiome en uitdrukkinge van onse mense van hul lippe af te neem en weer te gee; hij is waarlik geestig en grappig; hij pak sijn storie terstond flink bij die horens en verveel die leser nooit van begin tot einde; hij is vroom, maar nie pap, sentimenteel, kinderagtig; hij kom soms grof en kras met sijn woorde en episodes voor die dag, *omdat* hij waar en ongeveinsd en eg sijn toneeltjies met hul eigenaardige Afrikaanse kleur en atmosfeer wil afteken—en tog gaat hij, mijns insiens, nooit te ver.

Wat mij betref, vind ik die grappige verhale van meneer ENGELA verweg die beste, maar ik weet heel goed dat dit 'n kwessie van smaak is. 'n Menigte van onse mense hou veel meer van vrome afsterwens en *onna-tuurlike* goeie mense!

Die lekker en smakelik wil lag, moet tog net die stories van „Skeel Jan”, „Dokter Fortuin”, „Ou dik Willem” „Karl Frölich”, en die twee Reis-verhale lees. Ik het gen tijd of ruimte om uit die dingetjies aanhalinge te doen, maar mijn vingers jeuk tog al te veel, ik *moet* so 'n klein proefie gewee. Dis uit „Ondervindinge op Tog”.

„Na van plaas tot plaas in die geweste van Grikwaland rondgeslenter te hê, is ik eindelijk op die plaas Ketelkanjes van ene meneer Stram te lande gekom. Die naam Katelkanjes klink ook maar stram, maar als jij in aanmerking neem, dat sommige van die plase in daar die buurte die name dra van Onderbaatjie, Volstruistrap, Luisdraai en Keelafsnij, dan klink Ketelkanjes daarom nie so swak nie.”

Droog komiek, nie waar, leser? Fijn humor, die 'n mens in die ingewande kielie, sonder om hom juis hard te laat lag.

Gewoonlik, egter, moet 'n mens hardop lag, als hij die stories lees, amper net so hard als Vrolik, in die eerste storie:

„Hij kijk skaars 'n minuut deur sijn verkijker, dan los hij dit weer, slaat agteroor, skop met sijn voete in die lug en lag dat dit so kraak. Dan vlieg hij weer op, kijk nog 'n slag, dans en spring in die ronte, en lag so verskrikkelik dat 'n mens moet denk die man is kranksinnig.”

Leser! koop—en lag soos Vrolik, want die ou wereld is maar swaar en 'n lekker laggie doet goed.

NICO HOFMEYR.

*Volksrust, 21 December 1908.*

## SKEEL JAN.

---

Dit was in die jaar 1870, dat 'n seker meneer Siebert, van sijn plaas in die distrik Frasersburg, op reis was met sijn familie naar die Kaapstad.

Hulle moes die reis met wa en osse onderneem, want die tijd en dage was daar nog nie treine soos nou nie. Die trein het toen nog maar net tot op Wellington geloop.

So 'n reis het maar partij keer regte lank geduur, somtijds enige maande; want 'n os loop maar stadig, en deur die harde paaie werd hulle groteliks geplaag met pootseer. Maar die swaarste van alles was die droogte. En als so 'n reisiger nou somtijds op 'n groen plekkie kom, waar daar iets vir sijn diere was om te vreet, dan gevoel hij hom als of hij in die Beloofde Land was.

Toen meneer Siebert in die distrik van Malmesbury gekom het hou hij een morre op 'n suikerbosrand stil, en daar hulle al almal lam en tam van die lange reis was, en temeer daar dit ook Sondag was, was hulle hartelike begeerte om die dag oor te lê, so dat mens en dier van die vermoeiende reis kon rus, al was dit dan ook maar vir een dag.

Omtrent twee mijle van waar meneer Siebert stil gehou het, in die rigting van Kaapstad, lê juis aan die voet van die rand waarop hij hom bevinde, 'n plaas.

Dit was waarlik 'n lus om dit te aanskou: alles was lower groen, en skijn so lief en bekoorlik toe, dat meneer Siebert onwillekeurig 'n sug slaak: „Ach het ik tog maar die reg om vandaag daar oor te blij.”

Wat die gedagte van meneer Siebert ook al gewees het, kort daarna het hij ander gewaarwordinge ondervonde, en, seker wat hij nooit verwag het nie.

Die plaas waarvan hier sprake is het die naam gedra

van Zeekoegat, en behoorde aan sekere Jan Grouw, en daar hij skeel was, had hij die natuurlike bijnaam van Skeel Jan.

Skeel Jan, so als hij altijd in sijn afwesigheid genoem werd, was deur almal wat hom geken het, gehaat.

Hij was parmantig, ongeduldig, twisgierig en was gevolgelik met al sijn bure kwaaivrinde, en het hulle net so veel ongemak aangedoen, als hij maar met mo'elikheid kon.

Gemaklik kan 'n mens begryp, dat sijn handelwijse, met sijn bure, maar nie 'n al te gunstige indruk op hulle maak het nie; want die menselike natuur is maar altoos so, nie soos die bijbel sê nie: Segen die jou vervloek, want so doende sal jij vurige kole op sijn hoof hoop.

O nee! die mense is maar alte genege om *direk* in die kole te glo. So sal dit in ons verhaal blyk.

'n Klein endje van waar meneer Siebert hom bevinde het, was in die digte bome 'n man, die hom daar skuil gehou het, en wou gedurig uitbars van die lag, wegens 'n plan wat hij daar in die gouwigheid beraam het, om Skeel Jan 'n poets te bak.

Die man het Vrolik geheet en was die eigenaar van die aangrensende plaas aan Zeekoegat.

En toen meneer Vrolik sijn planne agtermekaar had, stap hij ewe onskuldig naar meneer Siebert toe, en stel homself voor as „Kulman”. Hij vra toen aan Siebert, waar die reis na toe gaan? Die hom weer op sijn beurt so kort mogelijk alles vertel het, en toen nog ewe droefgeestig dit daarbij voeg: „Ach man! ik wens van harte dat ons al op die end van ons reis was, want op so'n lang tog het jij maar baing ellende te verduur. Die een dag tref jij dit soet, die ander dag weer suur aan, en dan nog vreemd bo'en op! Soos jij sien, dis vandag Zondag, en ik weet waarlik nie eens waar om op 'n geskikte plekkie uit te span nie, so dat ik ook tog die dag des Heeren kan heilig.”

„Ja meneer Siebert,” val Kulman toen weer in, „die ontmoetings waarmee 'n mens op so'n lang reis te kampe het, is vir mij nie vreemd nie, want ik het al in mijn

tijd ook al tamelik rond gegaan. Die een dag tref jij 'n Gristen, die ander dag weer 'n buffel aan. So was dit van die begin gewees, en so sal dit blij tot die end toe. Want die groot boek sê mos, dis 'n krom en 'n verdraaide geslag. En net so min als ik en jij van 'n perre stert fije konfijt kan kook, net so min, sal dit anders word."

„Maar” hervat Kulman, „ik het mij daarom voorge neem om vir jou dit vandag net so aangenaam te maak, als onder die omstandighede doenlik is.”

„Sien jij die plaas daar onder?” vervolg hij verder, en wijs toen op Zeekoegat, „dis mij plaas, ik woon daar, en dit spijt mij maar net dat ik vandag met mijn familie moet afwesig wees, want ik het juis van morre 'n brief ontvang, dat mijn broer—nie ver hier van daan nie—in die afgelope nag ernstig siek geworde het, en het toen dadelik mijn vrou en kinders daar heen gestuur, en daar ik nog die voorval van mijn broer aan ons ouderling wil bekend stel, en hij weer 'n bietjie uit die pad woon, het ik maar besluit die endtje te voet af te lê, en so is dit dat ik nou hier is. En” hervat hij toen verder, „als jij daar op mijn plaas kom, hou jou dan maar thuis. Die werf is pragtig, volop kos vir jou diere, hulle kan hulle een-twee-drie dikvreet, en jij met jou mense kan almaal lekker uitrus. Onthou nou nes jij op die werf kom, regs van die pad staan 'n kaffok, daar is groot ruimte, en dis 'n mooi plek om uit te span. En dan wil ik jou daarom op nog iets wijs; dit was amper nie nodig nie, maar aangesien dat dit 'n goeie uitwerking mag hê, sal ik jou dit maar vertel. Mijn kneg”, gaat hij voort, „sal seker daar wees, en als jij hom sien, sal jij hom dadelik ken. Hij heet Jan Grouw, en kijk vreeslik skeel. 'n Brutale vent van die eerste water. En als hij weet dat die vrou en ik weg is, dan stel hij hom gewoonlik als „baas” aan. Daarvan hoef jij nie notisie te neem nie; laat hom maar raas, en hou jou maar stil. En meneer Siebert” voeg hij nog bij „ik sien jij is 'n fris gebouwde man, en mij kneg, Skeel Jan, maar tingerig. Als hij nou al te lastig worde,

gee hom dan tog met daardie sambok wat jij in jou hand het 'n gedugte pak, en jij sal mij daarmee 'n groot weldaad bewijs"

Terwijl hulle so staan te praat, val Vrolik sijn oog op 'n bobbejaan wat aan die wa van Siebert vastgemaak was, en daar hij wis dat Skeel Jan 'n bobbejaan onder sijn oge nie kan verdra nie, vra hij of Siebert nie asseblief die bobbejaantje aan hom sal verkoop nie, waarop Siebert seer vriendelik terug antwoord: „Nee, meneer Kulman, ik wil dit nie verkoop nie, maar als een geringe bewijs van mij dankbaarheid vir jou vriendelikheid, wil ik jou dit persent gee, en sal sodra ik op die plaas kom, dit aan jou kneg afgee.”

Vrolik het hom toen daarop hartelik bedank, maar voeg daar weer bij: „O nee meneer Siebert, ik wil die dingetje daarom nie verniet hê nie. Jij kan aan Skeel Jan sê, dat hij daar die vaatje wat aan die wa hang, vir jou uit die tweede vat, regs, als jij die kelder ingaan, moet volmaak. Dis lekker ou wijn, en als julle dan daarvan drink, drink dan mijn gezondheid.”

„Baing dankie, meneer Kulman”, sê Siebert, „dit sal ons seker doen, en ik wil maar hoop dat jij eendag bij mij mag uitkom, als ik weer thuis is, so dat ik ook 'n geleentijd mag hê om jou gristelike liefde aan mij bewese, te vergelde, en” vervolg hij toen verder: „Nou ja meneer Kulman, mij diere is moeg, en dit word ook al warm; ik sal maar laat trap.”

En na die gewone formaliteite, van „goeie dag”, en die beste sêgenwense, het hulle geskeie.

Daar trek Siebert! Wis hij toen maar watter kool Vrolik hom gestowe het, dan sou hij seker tien uur te perd om gerij het, om die val wat hij moes gaan aftrap, mis te loop.

Vrolik, daartintusse, na die boel leuns wat hij Siebert wijs gemaak het, is toen op daar die selfde suikerbosbult, tussen 'n klomp bome gaan sit, met 'n verkijker wat hij onder sijn baatje gehad het om nou lekker af te kijk, hoe dat Skeel Jan gaan riemspring.

Siebert het bij sijn aankoms op Zeekoegat, letterlik volgens instruksies van Vrolik gehandel, en gee toen orders aan sijn volk, toen hulle in die nabijheid van die kafhok gekom het, om uit te draai, en uit te span.

Nouveliks was die jukke op die grond, of die osse begin om hulle honger te stil, op 'n plek waar nooit 'n dier die reg gehad het om te vreet nie.

Die werf was waarlik 'n lushof, alles so netjes, ordelik, en skoon. Die turknagels en kiesieblaar het daar so welig gegroei dat dit 'n aardigheid was dit te aanskou, en hoe dat die osse een-twee-drie daar die kol gras geplunder het, val maklik te begriip.

Toen Jan Grouw dit bespeur dat die wa *daar* uitgespan het, en dit nog al, sonder sijn toestemming, en nogal bovenop op 'n plek, waar hij dit aan sijn vader nie sou toegelaat het nie, kan jij gloo die duiwel was los!

Hij kom van die huis af, naar die wa toe, so briesend als 'n leo mannetje, en vloek nes 'n matroos. Hij skree toen so hard dat jij hom amper 'n mijl ver kon hoor: „Sabander in die wapad! Wie het jou reg gegee, om op mijn grond sonder verlof uit te span? Jou dit en dats kind! Als ik mijn sonde nie ontsien nie, dan trap ik die hele komplot so plat als 'n pannekoek.”

Siebert het hom eers nie groot aan Grouw gesteur nie, hij was nog besig orders aan sijn volk te gee, om die rieme op te tel, en te gaan water haal, ens.

Die bedaarde houding van Siebert was op Skeel Jan omtrent soos vuur wat jij met vet wil doodgooi. Want toen raas en vloek hij twee maal so erg, ja, so erg, dat almal op die werf verbaas gestaan het. Die kinders huil, en die honde blaf dat dit 'n naarheid was.

Maar toen die affêre nou omtrent dol genoeg was na Siebert se sin, draai hij hom so ewe stadig om en sê: „Ja, jou skeel vabond, ik ken jou; jou baas het mij al van morre vertel, hoe manhaftig jij jou kan aanstel als hij weg is. Dan is jij mos kasta baas nê? Maar Skeel perd! vandag sal jij jou rieme stijfloop!”

Die uitwerking van die gesegde van Siebert, op Skeel Jan, was omtrent nes 'n rooi doek op 'n bul, want nouweliks was die woorde geuiter, of Skeel Jan bespring Siebert soos 'n tiermannetje.

Nou, dit het Siebert glad nie vies geval nie, want hij was al lank moeg vir die lollerij, en wag net sijn kans af. Toen Skeel Jan onder skoot was, vang hij hom met die linker hand, en trek hom nader wa toe. Die „aapstert” uit, en jij hoor net woeps! woeps! en nog 'n geluid wat ik maar sal verswigje.

Nadat Siebert, Skeel Jan, na sijn sin goed afgeransel het, los hij hom, die ook toen opvlie, en wou hartloop, maar Siebert skree hom dadelik terug, en sê: „Kom hier jou krapoog, dis nog glad nie klaar nie.”

Op die bevel ruk Grouw dadelik om, en kom terug so mak als 'n lam.

Siebert was toen ook mooi warm, en sê aan hom, maar tamelik barstig: „Sien jij daar die bobbejaan? Vat hom, jou baas het dit van mij geruil, en vat hier die vaatje ook, die het hij gesê moet jij uit die tweede vat regs als jij die kelder ingaan, volmaak, en jij moet niks versuim nie, of ik loop jou weer deur, want 'n skeel ding het mos altijd meer dinge als 'n regte mens.”

Ewe verskrik het Grouw die bobbejaan, bitterlik tegen sijn sin ook, en die vaatje gevat, en laat strijk kelder toe. Siebert volg agter met die sambok.

Bij die kelder gekom, word die bobbejaan vas- en die vaatje volgemaak, en terug bij die wa besorge.

Daar begin Grouw toen bedaard, met Siebert te rede- neer. Vertel toen aan hem, dat hij regtig die baas van Zee- koegat was, wat hij toen bewijs met 'n bekende, wat net aangekom het.

Nou kan 'n mens begriip hoe verbaas dat Siebert was na dat die waarheid aan hom ontsluiar was.

Duisend maal het hij Grouw om ekskuus gevra, en aan hom vertel hoe dat hij mislei was deur 'n man wat hom als Kulman voorgestel had, en het dit na alle waarschiijn- likheid gedaan om hom te wreek op meneer Grouw.



Grouw was toen ewe bereidwillig om Siebert te vergéwe, op grond sê hij, dat Siebert mislei was, en dat dit Sondag is. Grouw het daarom hier 'n bietjie spek geskiet want inwendig het hij Siebert soos 'n pes gehaat, maar die eindlike rede was, bring hij Siebert op verloor hij dit nog altemit en dan weet al sijn bure ook nog van die gelol.

Toen Siebert nou so genadig afgekom het, het hij hom maar net so gou uit die voete gemaak als hij maar kon.

Ondertussen sit Vrolik nog altijd op die suikerbosbult met die verkijker wat hij onder sijn baatje gehad het, en als jij hom kon gesien het, sonder om van die gebeurtenis op Zeekoegat te weet, dan sou jij gesê het die man was mal: want hij kijk skaars 'n minuut, dan los hij die kijker, slaan agter oor, skop met sijn voete in die lug en lag dat dit so kraak. Dan vlie hij weer op, kijk nog 'n slag, dans en spring in die ronte, en lag so verskriklik, dat 'n mens moes denk die man is kranksinnig. En dat hij hom in sijn hart verheug het oor die gunstige uitwerking van sijn planne kan ons almal begriip.

---

## ONDERVINDINGS OP TOG.

---

Dit was in die jaar 1866, dat ik besig was, met een van mijn jaarlikse handelstogte daar in die geweste van Grikwaland. En na van plaas tot plaas rondgeslenter te hê, is ik eindelijk op die plaas „Ketelkanjes” van ene meneer Stram te lande gekom.

Die naam „Ketelkanjes” klink ook maar stram, maar als jij in aanmerking neem, dat sommige van die plase in daar die buurte die name dra van „Onderbaatje, Volstruistrap, Luisdraai en Keelafsnij,” dan klink „Ketelkanjes” daarom nie so swak nie.

Wel, so als die gewoonte van ’n togrijer is, het ik mijn handelsware afgepak, en nadat ik so hier en daarvan aan meneer Stram aangepresenteer het, kom ons bij ’n lot knipmesse, van die ou famelewe se soort, met die haak, priem, kurktrekker, flijm en doortangetjes; en ik vra toen ewe beleef aan meneer Stram, of hij nie altemit een van die mooi messe wou koop nie?

Stram kijk mij net so skuins aan, en antwoord toen danig verontwaardig: „Ik ’n knipmes koop?” en vervolg hij, „sien jij mijn duim?” en wijs die ook toen.

Dit was leelik krom gegroei, deur ’n wond wat hij in vroeger jare moes gekrij het. En, vervat hij verder: „Ik had vroeger altoos die gewoonte, soos nou nog, om ’n skeimes te dra, maar het mij ook eendag ’n gat in die kop laat praat, om ’n sakmes te koop. Wel, dit het ’n rukkie goed gegaan, soos dit maar met al die nuwe goed gaan, maar op ’n goeie dag wou ik die vuilgoed oopmaak, en toen ik hom amper oop had, glip hij los, met die gevolg, so als jij sien.” En hij wijs toen weer vir mij sijn duim.

„Natuurlik kan jij begriip,” vervat hij verder, „dat ik hom dadelik weggesmijt het.

Jare het dit goed gegaan, totdat hier eendag weer 'n togrijer gekom het, met persies dieselfde soort van messe, als jij daar het, en die man had 'n bek soos 'n skeermes, en kon praat soos sewe advokate, en wis mij dadelik wijs te maak, dat 'n skeimes ouderwets was, en onhandig in die pad, en altijd nes 'n bobbejaan se stert lijk; en daar 'n sakmes, met al die goeie hoedanighede, wat daaraan verbonde is, netjes bijkakaar in jou sak kan lê, nooit hinder, maar net wag om gebruik te worde.

Toen die man so praat, maak ik so stadig mijn skeimes los, en koop vir mij toen die sakmes; en ik het daar vandag nog bitter berou van.

Kort na ik die ding in mijn sak had, was ik met mijn „Sanna” op skouer, op jag gegaan, en het toen ook nie al te ver geloop nie, of ik kom op 'n buffel af.

Ik skuil so effe weg en lê aan, en nes die pan brand, lê die buffel vier stewels in die lug. Ik sit toen mijn roer neer en stap ewe bedoord naar die buffel toe. Maar hemel! hoe het ik geskrik! Dit was maar 'n skram-skoot, die dier wou met alle geweld opstaan. Daar was toen nie ander genade nie, als pak maar die hoorn en hou vas. Had ik toen maar mijn skeimes, dan was die saak gou afgedaan, dan kon ik dit maar net uitgetrek, en die buffel se strot afgesnij het; maar ongelukkig sit ik met die verwenste knipmes. Met die een hand, moes ik die hoorn vir al mijn lewe hou, en met die ander moes ik die mes oopmaak. Natuurlik moes ik toen die witspan bijkbring; en met die ruk en pluk van die buffel — toen ik die mes amper oop had, glip die mes los, en vang mij aan die bolip!

Daar was nou nie ander kans nie, als los en hartloop! Gelukkig was omtrent honderd tree daar vandaan, 'n sloot met walle van minstens vijftien voet hoog; en ik sit toen ook sommer die rieme soontoe neer. Die buffel volg met alle mag en geweld, en ik loop dat dit so bars met die ellendige mes aan mijn lip. Ik bereik toen ook

mijn destinasie omtrent één sekonde, voor die buffel, en spring die onsaglike walle daar af, met die gevolg, dat toen mijn voete grond vat, toen lê mijn lip met mes en al ook daar.

Dadelik het ik die mes daar en dan gevat, en net so hoog bij die gat uitgegooi als ik maar kon. Ik hoop hij trek nou nog. Toen het ik al tien mijn vingers opgesteek, en 'n plegtige eed afgelê, dat ik nooit weer 'n knipmes sal koop nie. En daar die eed gaan ik nie verbreek nie vir al die knipmesse wat al gemaak is, en nog gemaak sal worde. Nee neef," sê hij verder, „pak maar in, dit sal te vergeefs wees om verder met mij oor daar die vuilgoed te praat.”

Ons het almal saam gelag oor die ontmoetings van meneer Stram, en na dat ons nog hier en daar van gepraat het, het ik ook maar weer opgepak en getrap!



## DIE ONTMOETING VAN DR. FORTUIN.

---

Meneer Johannes Biljon, van Palmietfontein was ernstig siek aan inflammasie in die longe, en, niettegenstaande dat die familie alle denkbare middels gebesig het, tot sijn herstelling, het die siekte tog maar later so 'n hopelose wending geneem, dat hulle dit noodsaak geag het maar dorp-toe te stuur om die mediese hulp van Dr. Fortuin in te roep.

Gou was die kar toen ook ingespan, en een van die seuns van meneer Biljon was daarmee gerij, om die dokter te haal.

Gelukkig was die dokter ook net thuis, en daar hij toen nie dringende besigheid had nie was hulle maar weer gou op weg, terug naar Palmietfontein.

Net omtrent skemer is hulle daar aangekom, maar ongelukkig was die hulp van die dokter nie meer nodig nie, want meneer Biljon was die slaap ingegaan waar aardse poginge, tot ontwaking maar altoos vrugtelos sal blyk. Daar dit nou al laat was, het die familie Biljon die dokter versoek om maar liever die nag daar te slaap, dan kon hij die volgende morre vroeg weer terug keer.

Die dokter het ook nie bisonder lus gehad vir die terugreis in die donker nie, en het toen ook ingewillig om vir die nag oor te blij.

Na die aandete, word 'n buitekamer op stoep, vir die dokter aangewijs, vir sijn nagverblijf, waarop die familie ook maar gaan slaap het, want die verdriet, veroorsaak deur die dood van die vader was so groot, dat niemand lus tot gesels had nie. Dr. Fortuin het nog so 'n ruk op stoep gesit en rook, en is toen ook maar naderhand binnegegaan met die doel om te gaan slaap.

Bij die lamplig het dokter bespeur dat die vertrek,

waar hij die nag moes deurbreng, tot sijn grootste blijdschap groot en skoon was: met gewitte mure, en alles in die kamer netjes en ordelik.

„A”, dag hij, terwyl hij besig was homself te ontklee, „hier sal ik daarom seker ’n beter nagrus hê, als wat ik verlede week te „Opskraap” had, daar was dit nie van die skoonste nie, en die honde was ook maar baing lastig; en hier het ik gelukkig nog nie honde gewaar nie.”

Daarop het dokter die lamp doodgeblaas, en gaan lê.

Dit was ook al tamelik laat, en hij het net ingesluimer, toen voel hij so geweldig kriel en jeuk, en daar dit al erger en erger word, was hij verplig die lamp aan te steek, om die oorsaak te ontdek.

Maar wat was sijn verbasing groot toen hij nou die kooi bekijk! Dit was, om so te sê, oorgetrek met weeluisse!

Eers was die plan om die laken, buite uit te skud, maar vóórdat hij daartoe oorgaan, het hij eers ’n verdere inspeksie van die mure gehou, maar o, wat was dokter sijn verwondering groot, bij die ontdekking: net waar sijn oog ook al op die muur val kom die goed resimentegevijs bij honderde af.

„Nee”, sê dokter toen aan homself, „die aanval is te heftig, ik sal moet retireer, want als ik vannag in hier die kamer blijf, sal hulle bijkool, morre weer moet dorp toe stuur, om ’n ander dokter vir mij te haal, en dan kom hij seker ook te laat! En om die mense nou op te klop sal ook nie help nie, want die vertrek wat ik dan sal krij, sal erger wees.”

Daarop het dokter sig aangeklee, die lamp doodgeblaas en laat vat, met die doel om in enige buitevertrek, of waar ook al ’n geskikte plek te vinde was, die nag te gaan deurbreng.

Toen hij nou op die stoep kom, sien hij vlak daarvoor, ’n tentwa staan.

„A”, dag hij, „dár zal daarom seker nie weeluisse in wees nie, en daar die nag nou nie meer al te lang kan

wees nie, sal ik die oorige daarvan nou maar in die wa deurbreng.”

Daarop het dokter op die wa geklim, die voorklap los geknoop, en binne gegaan, maar tot sijn grootste teleurstelling, alhoewel daar nou een katel in was, ontwaar hij, dat die reeds in beslag genome was deur 'n ander.

„Maar”, dag die dokter, „twee mense kan daarom maklik op so'n bed slaap”, en toen begin hij sijn ekskuus te maak dat hij so laat kom hinder, en versoek dat die persoon tog asseblief 'n bietje een kant toe moet lê, sodat hij ook meer ruimte had.

Maar die persoon het, so's dokter gemeen het, danig vas geslaap, so dat dit nodig was hom aan te roer, en daarmee vat hij net toevallig aan die voete van die onbekende, en bespeur toen tot sijn grootste skrik dat dit 'n lijk was, want dit was ijskoud en stokstijf.

Ja, so was dit ook, dit was die lijk van oorlede meneer Biljon, wat in die wa uitgelê was, nog voor die aankoms van Dr. Fortuin, en waar die dokter natuurlik niks van geweet het nie.

Hier moes dokter, tegen wil en dank, vir die tweede maal weer retireer, om sijn posisie bij 'n veiliger plek in te neem.

Op weg daarvandaan, kom hij bij die kapkar, waar hij die dag mee gekom was, virbij en, nadat hij die kar goed beskou het of daar ook nie weer moeilikhede aan verbonde was nie, is hij tot die konklusie gekom: „al moet ik nou sit, dit maak nie saak nie, want ik het al baing keer, als ik in die nag uitgeroep word sò moes slaap. Jammer maar dat die disselboom nie op 'n mikhoutje kon rus nie, want anders is so 'n kar maar al te skuins om in te sit.”

Dokter het toen so 'n dingetje gaan soek en sijn geluk of ongeluk was groter als hij verwag het, want hij het 'n graaf op die lijf geloop, en 'n beter ding vir so 'n doel kon hij nooit verwag nie.

Die graaf word nou regop onder die disselboom geset, en die wiele word behoorlik met klippe gestut. Alles was in orde, en dokter klim toen regte voorsigtig in, om, so's hij gehoop het, plaas te neem vir die laaste maal die nag, want hij was lang al nukkerig dat hij nie tot rus kan kom nie. Eers die ellendige weeluisse, en toen weer die lijk, maar nou sal dit tog seker beter strijk, en daarop gaat dokter toen ewe lekker sit.

Maar hemel,—wat 'n gewaarwording! Net toen hij so gemaklik agteroor leun, om nou lekker te rus, haal die ellendige kar 'n ander nuk uit, en slaan reg agter oor met die gevolg dat dokter die kar uitval en op die grond met 'n plof te lande kom, dat die stof so staan!

Die honde het hulle totnogtoe rustig gedraag, maar die, in hulle oge, verkeerde handelwijse van die dokter, het nou ook al hulle geduld uitgeput, en net toen dokter grond vat was Boel en Vuilbaard bij om hom tot sijn plig te bring!

Vuilbaard vang toen die dokter aan die een broekspijp terwyl Boel die kraag van sijn baatje beetpak, en daar was die komedie in volle swang!

Dit knor en ruk en skeur en skreeuw nou so geweldig, dat 'n paar van die mans, wat met die rumoer wakker geworde het naar buite storm om te sien wat gaande was, en tot hulle grootste verbasing, bij hulle aankoms, sien hulle dat dokter, in stede van te slaap, besig was om met die honde te spook!

Haastig het die kerels die honde verbied, wat die dokter toen ook los, dat hij weer in staat was om op sijn voete te kom.

Dokter het nou, na die worstelstrijd nie 'n alte mooi vertoning gemaak nie. Die een broekspijp was, kort bokant die knie afgeskeur, die kraag van die baatje hang so's 'n lanfer voor die bors af, terwyl die keil, (want dokter het altijd 'n keil gedra), baing op 'n blikemmer gelijk, wat onder 'n wa deur geloop het.

Dat dokter boos was, en gebruik gemaak het van



ernstige en ongristelike woorde, sal die leser lig begryp, en het hij die mense wat hem uit sijn moeilike posisie verlos het nog onder meer die volgende verwijt:

„Die dood van julle ou vader is aan niks anders als net aan julle vrekkerigheid toe te skrywe, want om 'n paar pond te bespaar, wag julle gewoonlik tot dat dit te laat is om 'n dokter te roep, en krij julle nog al een, en die persoon sterwe, voor wie hij geroepe was, dan is dit natuurlik, volgens julle oordeel, die skuld van die dokter. Al sou die hele lot van julle op sterwe lê, dan sal ik bijmesikse waar, die laaste dokter wees, wat hier na toe sal kom, en,—hou dokter nog aan—„als ik vandaag die mag had, dan brand ik die ou weeluishok dadelik af, en ik gee die laaste hond op die werf gif in!”

Daar niemand nou, behalve dokter, lus had om te twis nie, het hulle maar die aanmerkings stilswijgend laat voorbij gaan.

Daar dit nou al dag was, word die kar op bevel van dokter ingespan, en spoedig was hij weer op weg dorp toe. En solang hij nog die plaas in gesig had, het hij altijd deur gepruttel en sijn vuis gewijs in die rigting van die woonhuis.

## 'N SONDERLING VERHAAL.

---

In die distrik van Colesberg het jare gelede 'n man gewoon met die naam van Killians die ook daar 'n floreerende besigheid gehad het.

Killians was van almal, wat hom geken het, gerespekteer, en sijn minsaam- en goeðhartigheid, het veel daartoe bijgedra om sijn besigheid te maak wat dit was. En tog het sijn goeðhartigheid oorsaak gewees dat hij later in grote moeilikheid gedompel was, want op seker dag is twee van sijn beste vriende naar hom gekom met die bede om vir hulle borg te staan, daar hulle op die ogenblik in ernstige moeilikheid verkeer, maar so als hulle gehoop het, sou alles binne kort weer reg wees. Wegens goedertrou en goeðhartigheid kon hij hulle versoek nie weiger nie. Maar ongelukkig neem sake met die persone so 'n noodlottige wending dat hulle genoodsaak geworde het hulle boedels oor te gee, met die gevolg dat Killians totaal daardeur geruineerd werd.

Mismoedig stap hij een morre sijn eige woning binne, en met trane in sijn oge deel hij aan sijn vrou die volgende besluit mee:

„Vrou, jij en die kinders moet nou maar op die beste manier, so goed julle kan, sien om klaar te kom, want ik is van voornemens om naar die Transvaal te gaan, en bekommer jou in die minste nie oor mij nie, als jij nou altemit nie van mij geregeld tijding krij nie, want ik het mij voorgeneem om nie weer terug te keer nie voor en aleer ik weer so veel bij makkaar het, dat ons weer iets kan beginne.”

„Maar man,” so praat sij, „ik wil jou nie in die weg staan nie, want ik sal altijd 'n lewe kan maak met naaldewerk, maar waarom perbeer jij dan nie liewers eers

hier nie, waar almal jou tog ken, en weet dat dit nie jou skuld is dat ons van dag niks het nie?"

„Nee vrou,” hervat hij, „dat dit vandag vir mij bitter is om van jou en die kinders onder sulke omstandighede afskeid te neem, weet die Heere, maar hoe ook al, ik het besluit om te gaan, en die wel of wee, wat vir mij in die toekoms verborge lê, moedig te gemoet te gaan.”

'N paar dage daarna, het Killians van sijn vrou en kinders afskeid geneem, en naar die Transvaal vertrek.

Met Mevr. Killians het dit altijd bowe verwagting gegaan, gedurende die afwesigheid van haar man. Sij het goed gesond geblij, het altoos werk in overvloed gehad, en deur dat sij dan van die, en dan van daar die, 'n bok of skaap present gekrij het, kon sij, in plaas van gebrek te lij, nog al 'n paar shillings op sij sit.

Met Killians het dit nie al te vlot gegaan nie. Ettelike maande na sijn vertrek, is hij in die distrik Ermelo, Transvaal, op seker plaas van Albertus Visser aangekom, waar hij in korte trekke sijn levensloop bekend gestel, en toen ook werk gevra het.

Die tijd en dage het die mense maar in die algemeen, nie al te veel vertrouwe in 'n vreemde gestel nie, en Visser was ook nie 'n uitsondering op die regel nie.

Hij het dadelik egter opgemerk dat Killians 'n man was wat beter dage gesien het, en sijn manier van praat, en algemene voorkoms het getoon dat hij 'n man van opvoeding was. Maar wat nou 'n slegte indruk op Visser gemaak het, was dat Killians daar te voet aangekom het.

Nadat Visser nou die saak van alle kante, so goed hij kon, in oorweging geneem het, het hij aan Killians die volgende voorstel gemaakt:—

„Meneer Killians, jij is mij helemaal onbekend, en wegja wil ik jou daarom ook nie; maar ik het dit goedgedag, als jij dit wil aanneem, om jou opsigter te maak, oor mijn binne lande en tuine, tegen 'n salaris van twee pond per maand, met kos en inwoning, en sou dit nou later blijk, dat ons goed kan klaar kom, dan sal ik jou

opsigter maak oor mijn hele plaas, met 'n klein verhoging van salaris."

Killians dag toen bij homself: „met so 'n salaris kom ik inderéwigheid nooit weer op mijn bene nie, maar daar ik nou op die plek is waar ik wou gewees het, kan ik, al is mijn salaris min, tog die kat beter uit die boom kijk, en sodra daar iets beters opdaag, kan ik altijd daar gebruik van maak." En daarop het hij die aanbod van Visser aangeneem. Die volgende dag is Killians in diens getree en deur sijn minsaam gedrag, en die net-en sekuurheid waarmee hij hom van sijn verantwoordelikheid gekwete het, wis hij gou die vertrouwe van die familie Visser te win.

Ja, so ver was dit al gekom, dat als Visser en sijn gesin, met nagmaalsgeleentijd naar die kerk moes gaan, dan word alles onder toesig van Killians gelaat. Hij het egter bij seker geleentijd, terwyl almal weer weg was, die huis binne gegaan, die geldkis oopgebreek, en homself met 'n bedrag van ag honderd pond, gehelp. Killians het toen die geld begrawe, homself van die plaas verwijder, en omtrent 'n kwartier daarvandaan, bij 'n smeerwinkeltje opgehou, om die wending van sake gade te slaan.

Bij die terugkoms van Visser het hij dadelik onraad gemerk, omdat Killians nergens te vinden was. En tot sijn grootste teleurstelling, bij nader ondersoek, blyk dit ook nog dat hij ag honderd pond armer geworde het.

Visser het dadelik werk van die affère gemaak en die saak aangeklage, waarop Killians gearresteer, en voor die Landdros getrek werd. Hij was beskuldig met die misdaad van huisbraak en diefstal.

Daar nou die misdaad van diefstal volgens die oordeel van die hof, nie voldoende bewése kon worde nie, wegens die ontbreking van die *corpus delicti*, werd hij alleen voor die misdaad van huisbraak, tot ses maande tronkstraf veroordeel.

Nadat Killians sijn straf uitgedien het, werd hij ont-

slage en die geld weer uitgehaal. Hij het hom toen skoon laat skeer, goed aangekee, en 'n rijperd gekoop, om nog voor sijn vertrek naar die Kolonie afskeid te neem van meneer Visser.

Bij sijn aankoms op die plaas, het Visser hom nie dadelik herken nie, maar sodra hij dit agter gekom het, dat dit Killians was het hij hom maar boos uitgedruk. „Jou skurk! Waag jij dit nog om weer hier naar toe te kom? Trek dadelik, en bij versuim, sal ik jou, als een vir mij, gevaarlike karakter laat oppak.”

Die houding van Killians was kalm, en hij antwoord toen daarop: „Meneer Visser, dit sal nie nodig wees nie, want ik gaan dadelik voort. Maar ik wil jou tog net dit sê: Altemit ontmoet ons makkaar eendag weer onder beter omstandighede, en dan sal daar vir jou 'n ander lig opgaan”. Visser val hom toen in die rede met die woorde: „Bij 'n tweede ontmoeting mag daar mogelijk vir mij 'n ander *duisternis* opgaan. Jou vagebond. Trek!”

Killians het toen beleef sijn hoed afgehaal en Visser gegroet, en toen is hij vertrokke naar die Kolonie.

In die distrik Hope Town het hij 'n sestien honderd skape gekoop en in die Kaap, met goeie wins van die hand gesit, deur dat hij 'n plekkie gehuur het en die skape self geslag het.

Twee en 'n half jaar, nadat Killians sijn woning verlaat had, stap hij tot groot vreugde van sijn vrou en kinders hulle gehuurde woning binne.

Hij het toen met sijn vrou en kinders in die distrik bij sijn vriende en bekende rondgegaan, om almal weer, na so 'n lange afwesigheid 'n besoek te bring, en te gelyker tijd, tot groot blijdschap van almal mee te deel dat hij weer van plan was 'n besigheid op te sit. Dit werd ook kort daarna in lewe geroepe.

En wat Killians nog verder vooruitgebring het was, dat die twee vriende vir wie hij vroeger borg gestaan het weer so op die voete gekom het, dat hulle sijn gelede verlies, deur hulle veroorsaak, volkomelik hersteld het.

En daar die handel nou van oos en wes ingestroom het, het sijn rijkdom bij die dag vermeerder. Ja, so voorspoe-dig was hij, dat tien jaar na dat hij met die laaste be-sigheid begonne was, hij dit aan die twee vriende, waar-van ons gesproke het, oorgemaak het. Hij kon van sijn rente lewe.

Dat Killians nou die regte gebruik gemaak het van die milde segeninge, deur die Voorsienigheid hom so rijkelik meegedeel, val maklik te begriip, as jij in aanmerking neem, dat hij sijn hele lewe deur 'n voorstander was van Kerk en Maatskappij.

Vir die saak van die Heere voornamelik, had hij altoos 'n ope hand, en daarom ook was hij so gesegend. Soos iemand dit eenmaal uitgedruk het: „Hoe wij'er dat jij jou hand ope doen, vir die saak van die Heer, hoe groter geleentijd daar is vir die Heer om dit weer te vul. Daarentegen, hoe meer jij jou hand toe maak vir die diens van God hoe minder geleentijd daar bestaan vir die Voor-sienigheid om daar iets in te doen.

---

Dertien jaar is verstreke, na die vertrek van Killians uit die Transvaal.

Andermaal bevind die leser hom weer op die plaas van meneer Albertus Visser, en terwyl hij in aangenaam gesprek met sijn gesin op die stoep verkeer het, hou daar 'n veerwa met ses perde voor die deur stil, met nog 'n eersteklas ingevoerde hings aan die span vasge-maak.

Visser stap toen naar die wa toe, vra die reisigers of hulle wou uitspan, en nooi hulle toen naar die huis toe. Die aanbod werd met dank aangeneem.

Die reisgeselskap het bestaan uit meneer Brink, so als hij hom voorgestel het, vrou en twee dogters. Die vrou en dogters, is met Mevr. Visser naar die huis ge-keer, terwyl Visser met Brink bij die wa geblij het, om te sien dat alles goed besorge werd.

Toen die volk besig was om uit te span, het die oog van Visser op die hings geval, en daar hij, bij uitstek veel kennis van perde had, kon hij nie nalaat om aan te merk nie, dat dit 'n fraaie dier was, waarop Brink dadelik 'n nuwe saal en toom van die wa laat afhaal, en die hings laat opsaal, en toen aan Visser vra om net vir die aardigheid die perd te perbeer.

Die versoek het nou vir Visser 'n bietjie vreemd geklink, maar hij het daarom niks laat merk nie, en die perd 'n endje gerij. Toen hij afklim, beskou hij die perd nog 'n slag, en sê toen daarop:

„Een ding is seker, meneer Brink, ik het al baing perde geken en gehad, maar op so 'n knap dier het ik nog nooit die voorreg gehad om te sit nie.” Hij vra toen verder: „Sou jij nie altemit die perd wil verkoop nie, meneer Brink?”

Brink antwoord toen beslis: „Nee, meneer Visser, verkoop wil ik hom nie, maar als jij dit nie vir 'n belediging sal beskou nie, dan wil ik jou die perd persent gee.” Mors dood geskrik sê Visser: „A, nee meneer Brink, daar kom niks van nie! Kom laat ons maar nader gaan.”

Bij hulle binnekoms, het Visser aan sijn vrou vertel, dat meneer Brink daar die mooi perd aan hom wou persent gee. „Nee” sê mevr. Visser, „dit mag jij nie doen nie, om so 'n kostelike dier verniet te neem nie, maar als jij daar sin in het, waarom koop jij dit dan nie?”

Maar eer dat Visser kon antwoord gee, val mevr. Brink, hulle in die rede deur te sê:

„Maar meneer Visser, als u nou altemit aan iemand 'n persent wil gee, en die persoon sou dan weiger om dit in ontvangst te neem, sou dit jou dan nie 'n bietjie ter harte gaan nie? En daar mijn man nou aan jou 'n geskenk wil gee, en ik weet voorwaar, met 'n welmenend hart, sou u nou, denk u, ons gevoel ook nie 'n bietjie krenk nie?”

Die liefderike en indrukwekkende wijze waarmee

mevr. Brink haar uitgedruk het, was oorsaak dat Visser ingegee het, en daarop sê:

„Nou ja, meneer Brink, dan sal ik die perd van jou in dank ontvang, en sal so lang hij lewe hom altijd in waarde hou.”

Na die ete en aand godsdien, het almal naar bed gegaan, met uitsondering van Visser, Brink, en hulle vrouwens.

Nadat hulle so oor die een en ander gepraat het, stap Brink in die rigting van sijn vrou, en neem bij haar op die vloer, 'n handsak wat tamelik swaar was.

Hij gaan daarmee naar die tafel waarop hij die inhoud ontledig, en tot verbasing van Visser en sijn gade was dit 'n ontsaglike hoop gou'e geld.

Brink sit toen die sak op sijn en sê ewe onge-erg aan Visser: „Meneer Visser daar is nou jou geld wat ik van jou geleen het.”

Verskrik staan Visser op, en sê: „Mense daar is julle kamer,” en wijs toen naar die deur van die vertrek waar hulle moes gaan slaap, en aan sijn vrou sê hij: „Kom vrou, ons gaan ook maar slaap, want met die geskiedenis van die perd het ik al getwijfel of meneer Brink wel bij sijn possetiewe was, maar nou twijfel ik glad nie meer nie, dat die man stawel gek is nie,” en stap toen in die rigting van sijn kamer.

„Meneer Visser,” roep Brink, „wag nou net 'n ogenblikkie. Ik weet jij verkeer onder verkeerde indrukke, maar als die saak nou eers vir jou duidelik word, dan sal jij moet erken dat dit waarlik jou geld is. Om mijn doel te bereik,” vervolg hij, „het ik mij onder 'n verkeerde naam voorgestel. Mijn naam is nie Brink nie, maar Killians!”

Toen Visser nou die naam van Killians hoor, stap hij weer naar die tafel terug, om met verwondering te vernem, wat aan hom moes geopenbaar worde.

Killians hervat toen verder: „Meneer Visser herinner jij jou nog, die dag toen ik van jou kom afscheid neem



het, nadat ik uit die gevangenis ontslage was, dat ik aan jou gesê het: As ons weer makkaar ontmoet dat daar dan vir jou 'n ander lig sal opgaan, waarop jij nog geantwoord het: dit mag 'n ander duisternis wees!"

„Ja, seer goed” antwoord Visser.

„Wel, meneer Visser”, vervolg Killians, „die dag toen ik die geld geneem of liewers geleen het, was dit waarlik met die voornemens om dit weer terug te gee, want ik het kans gesien om geld te maak als ik dit had, en daar ik toen aan u gans onbekend was, sou dit tog nie gehelp het om te vra nie, daarom het ik mij maar self gehelp, en daar meneer Visser,” terwyl hij met sijn hand naar die goud wijs, „is jou geld terug. Ag honderd pond wat ik van jou geleen het, en die rente daarop teen ag persent, vir dertien jaar, maak ag honderd twee en dertig pond, dus 'n gesamentlike bedrag van sestien honderd twee-en-dertig pond. Vat dit meneer Visser” sê hij verder, „dit kom jou eerlik toe, en mag die Algoede jou segen vir die hulp aan mij bewese.”

Visser was toen ontroerd, en sê toen aan Killians: „Nee, maar die rente kan ik nie neem nie, en als ik daaraan denk, dat jij nog die vernedering van 'n gevangenis lewe ook te verduur had dan wil ik liewers niks neem nie.”

Maar daarvan wou Killians nie hoor nie. „Want,” sê hij, „dis vir mij vanaand die grootste genot om skuld, op so 'n wederregtelike manier gemaak, te vereffe.”

Visser moes die geld neem, en daarna was daar so 'n innige band van liefde tussen die families gelê, dat dit gebruikelik geworde het om al jare 'n tijd bij makkaar deur te bring.

Als Visser nou op sijn beurt bij Killians in die Kolonie kom, dan had hij (Killians) altijd die gewoonte om Visser bij sijn vriende voor te stel als: „Mijn ou vader wat mij weer, deur sijn vriendelike hulp in mij posisie herstel het.”

## 'N REIS NAAR TRANSVAAL.

---

Meneer Pieter Vermaak (oom Pieter soos ons hom altijd genoem het) was 'n inwoner van die distrik Tulbagh, en deur sijn minsaam omgang met sijn bure, en sijn opgeruimdheid van gees, was hij gerespekteer van almal wat hom geken het. Bij oom Pieter was altijd 'n groot geselskap aanwesig, en daar hij nou, bij sijn minsaamheid 'n welgestelde man was, en baing van gesels gehou het, kan jij begriip was dit vir hom: „hoe meer siele hoe meer vreugde.”

Op 'n goeie dag was ik ook een van sijn gaste. Dit was 'n skoon somers namiddag, en terwijl ons noulekker in die koelte van die groot akkerbome voor die deur gesit het, en nadat ons 'n heerlike koppie koffie gedrink — en ons piipe gestop het — was oom Pieter, so als gewoonlik, aan die woord.

„Kerels,” so begin die ou, „Jan Stofberg en ik moes eenmaal 'n reisie maak naar die Transvaal. Die tijd en dage het die trein nog maar net geloop tot op Grootrivier Stasie, en van daar naar Kimberley moes ons die reis verder voort sit met 'n transport wa. Nou julle kan begriip dat 'n reis met so 'n swaar gelaaide wa, maar bitterlik eentonig is, maar gelukkig, dit duur nou nie so lank nie, en dan is daar altijd 'n groot klomp passiesiers bij so 'n lot wagens (want die slag was ons vijftien wagens bijkmaak), en ik kan julle vertel dat als 'n mens met so 'n lot van oos en wes deurmakaar raak, dat die pad maar tamelik kort word. Maar wat nou so ooglopend was, was die buffelagtigheid, wat 'n mens bij partij mense in daar die streke aangetref het. Bijvoorbeeld, ons het daar op 'n plaas aangekom — die naam is mij nou ontgaan — maar dit was net deuskant Klokkfontein. Ons het natuurlik uit-

gespan, en daar het die mense die gewoonte, om watergeld te laat betaal. Nou dit beteken, 'n shilling vir elke span, of die vee nou al water suip of nie. Ik neem nou daarom nie die mense kwalik nie, dat hulle vir die water laat betaal nie, want dit is maar damme wat hulle daar het, en 'n dam krij 'n mens ook nie verniet nie; maar dan kan hulle tog vrendelik wees, dit kos tog niks.

Nadat ons uitgespan het, gaan Jan en ik naar die huis toe, om 'n stukkie kos te koop. Die boer en sijn vrou en 'n duisternis van kinders was op die stoep. Bij ons aankoms het ons ewe beleef gegroet, maar daar was nie so 'n ding als binne nooi nie, so ter nouernood het die meneer gegroet, maar ons het ons daar nie grootliks aan gesteure nie. Ik vra toen of ons nie asseblief 'n stukkie vlijs kan te koop krij nie! Nee, was die antwoord ewe barstig, ik het nie vlijs nie, en dan kijk hij nie eens naar ons toe nie. O nee, heeltemaal 'n verkeerde direksie! Ik vra toen weer: Verkoop ons dan maar asseblief 'n brood. Sijn antwoord was maar nog net so parmantig en kortaf:

Nee, brood het ik ook nie. O liewe tijd, sê Jan vir mij, dan moet ons 'n plan maak om meel te krij dat ons kan pap maak, want ons het niks bij die wa nie!

Ik wa'e dit toen nog 'n slag, om vir die kerel te vra om dan maar 'n bietjie meel aan ons te verkoop, maar toen moes jij hom hoor: Kijk hierso, ik moet mijn koorn self ver rij om dit gemaal te krij, en ik verkoop nie meel— en veral nie aan reisiegere nie.

Nou, kan julle glo het mijn bloed ook maar 'n bietjie opgestoot, en ik het die buffel toen, op mijn beurt ook maar 'n bietjie barstig aan gesprek: Nou vaar dan naar die ongeluk met vlijs en brood en al, jou onbeskofte bees! en daarop het ons omgedraai.

Jan Stofberg het die ding maar koel opgeneem, en sê toen: Pieter, weet jij, die hele ding is, hulle is bang vir pokkies; want hier is 'n vals gerugte in die omloop dat die pokkies op Kimberley uitgebreek het. Nou ja, val ik in, is die kerel dan befoeterd, ons kom mos nie van

Kimberley af nie! Maar wag 'n bietjie, als hulle daarom bang is vir pokkies, dan sal ik die vrees daarvoor vermeerder. Kom maar wa toe; hulle sal netnou die watergeld kom invorder, dan sal ik hulle daarom ook 'n strijk wijs.

Ik het toen naar een van die kondukteurs gegaan, ook 'n opperste platjie, en hom mijn planne meegedeel, en alles was in orde. Ons het ook nie al te lank gewag nie, of hier was een van die menere, om die watergeld in te vorder.

Hij was nie meer so al te jonk nie, en net toen hij nou mooi tussen die mense was, en die doel van zijn koms meegedeel het, spring ik ook 'n bietjie nader, en vra toen ewe onverskillig, maar so dat die ou dit goed kon hoor, aan die kondukteur: Skalkie, hoe gaan dit nou met die mense hier in die tentjie, van jou wa wat die pokkies het? O jong, sê hij, danig droefgeestig ook, maar baing sleg. Ik glo nie die een sal nog lewe tot vanaand toe nie.

Die uitwerking was op die ou, net soos die van 'n emmer water op 'n swak vuurtjie. Hij het hom asvaal geskrik; zijn twee oge was op Skalk gerig, sonder om hulle te knip, zijn mond het oop gehang, terwijl zijn twee arms pap gehang het. Vir 'n goeie minuut het hij so sprakeloos blij staan, en toen vra hij ewe bewerig: Ag mijn hemel neef, is hier dan pokkies op die wa? A ja, sê ik, en vat toen gelijktijdig aan zijn hand; kom hiernatoe dan kan oom self sien hoe afgrijslik dat pokkies lijk! Maar die ou ruk zijn hand uit en skree: Los mij! en daarop swewe hij soos 'n gedagte oor die aarde huis toe. Vijf minute daarna, was daar nie 'n mens te sien op die werf nie, en die laaste deur en venster was bot toe.

So sê ik, dit sal julle leer: Vijftien schillings watergeld is julle nou kwijt en julle het genoeg pokkie-vrees om julle vir 'n goeie ag dage te laat kook. En die passeiers?—Dit was werklik 'n aardigheid om die goed te sien! Ja partij van hulle kruip so op die grond soos hulle lag. En om die vrees van die arme drommels nog te vergroot,

het 'n klomp van die passiesiers een van hulle maats op 'n leer, wat hulle bij die wa had, neergelê, en hom met 'n kombers toegegooi, en toen naar die woonhuis gedra, en op die stoep daarvan neergesit. Die kástige siek man het so gekreun dat jij hom wie weet waar kon hoor.

Die kerels het toen beginne bommedeer aan die deur, maar daar was nie so 'n ding als oopmaak nie. Die baas het net tot bij die deur gekom, en gevra, wat hulle wou hê? Die antwoord was algemeen: Jij moet die deur oopmaak, want hier die man met die pokkies wil sterwe, en sijn laaste versoek is om dit onder dak te doen, en, vervolg hulle verder, jij hoef nie bang te wees vir die begrafenis onkoste nie, want die skutmeester van Beaufort het laat weet dat hij altemit sal regmaak als hij geld optel. Maar toen kon jij hoor mooi praat daar binne: Ag mijn liewe hemel, mense, moet ons tog asseblief nie verder in die ongeluk dompel nie. Vat die man maar weer wa toe en als julle altemit kos nodig het, ons het net vandag gebak en geslag; al die brood en vlijs sal ik vir julle bij die agter deur uit sit, maar moet tog asseblief nie nader kom nie! Die kerels het natuurlik niks geneem nie, en ewe onwillig kasta, het hulle maar weer met die siek man wa toe gegaan. Kort daarna het ons ingespan en gerij.

Daar vandaan het niks bisonders gebeur nie. Die volgende Sondag was ons op Kimberley, en het toen naar gewoonte kerk toe gegaan, en soos julle later sal sien het dit mij net goed te pas gekom.

Van Kimberley af had ons eers die plan om maar verder met die koets te gaan, maar net toevallig ontmoet ons daar 'n ou bekende van Klerksdorp. Hij het Gert Brits geheet, en had 'n tentwa en 'n goeie span osse. Gert het toen aangehou dat ons met hom moes saam rij, wat ons toen ook gedoen het. Hij was op Kimberley met 'n vrag produkte, wat hij daar verkoop het, en het toen weer allerhande benodighede gekoop. Onder al was daar nog 'n troupak en 'n swart keil ook bij, wat ook maar later mooi handig ingekom het.

Met 'n ossewa gaan dit maar stadig, maar ons had ons gewees bij ons, en baing tijd ook; so het dit daarom nie 'n groot saak gemaak nie.

Die wereld was die jaar maar droog, en toen ons nou in die geweste van Bloemhof gekom het — een Sondag morre — sien ons so 'n mooi plaat gras. Gert merk toen op: Als die baas van die grond nou nie so 'n ou bog was nie, dan kon ons gerus hier uitgespan het, en kan die osse hulle tog weer goed dik vreet, maar waag 'n mens dit nou, dan skiet ou Fortier—so heet die eigaar—ons seker, want hij is maar 'n verkeerde ou siel. Ag nee wat, sê Jan Stofberg, kom ons waag dit. Laat Pieter hom soos 'n predikant aantrek, en in die wa blij, en kom ou Fortier dan, dan kan Pieter maar die ding regmaak! Ik was eers 'n bietjie huiwerig, maar het toen maar later, ter wille van die grap, ingege.

Ons was nie al te lank uitgespan nie, of hier kom Fortier nes 'n leo van die huis af wa toe, en kerels ik kan julle vertel, mij hare het oorend gestaan oor die taal wat die man gebesig het. Bij die aankoms van Fortier het Jan en Gert op die voorkis gesit, en het hulle maar dood luiters gehou. Toen Fortier nou sien dat niemand antwoord gee nie, was hij tweemaal so erg, maar net toen die ding nou omtrent dol genoeg was, sê Gert ewe bedaard: Boet, jij kan daarom maar 'n bietjie stadig praat, want die predikant is ook hier in die wa, en ik het gehoor hij sal vandag 'n bietjie kom huisbesoek hou.

Bij die ontdekking het Fortier omtrent net so geskrik soos 'n bobbejaan wat skielik op 'n man met 'n roer af kom. Wat, sê hij, is hier 'n predikant, en waarom het julle mij dan nie gewaarskuw nie, want ik kon mij onwetend verspreek het. Ja, las Jan in, jij het jou daarom ook tamelik baing verspreek, van dat ons jou kon gehoor het.

Nou kan julle begriip, ik wou so bars van die lag in die wa, maar nou *moes* ik mij sedig hou. Ik klim toen af met die swart pak en die keil op en stap toen in die

rigting van meneer Fortier. Ik het toen gemaak alsof ik niks gehoor het nie, want ik het mos kasta gesit en lees. Ik steek toen mijn hand uit om hom te groet, die hij toen neem. Ik wou toen eers hoog Hollands praat, so als die predikante die gewoonte het, maar ik dag toen: nee, wag, net nou loop dit dalk op 'n preekerij af en dan val ik nog deur die mat, en het mij toen maar bij die Afrikaans bepaal: Goeie morre meneer Fortier, hoe gaat het u? Goeie morre meneer, so, soos meneer sien, niks om oor groot te praat nie, en ik wil hoop dat meneer mij tog asseblief sal vergêwe als ik 'n bietjie onverstandig gewees het, want hulle het mij vanmorre bij die huis 'n bietjie kwaad gemaak.

Ag nee, meneer Fortier, val ik weer in, dit is die mens maar eige om nu en dan sijn humeur te verloor, want van nature *is* ons maar altoos boos, en daar dit nou Sondag is, en ons nie graag die Sabbat wil skende nie, hoop ons, dat u ons dit nie ten kwaaieste sal reken dat ons nou sommer sonder verlof hier uitgespan het nie.

Ag nee, meneer is volkomelik reg, laat die osse maar rus vir die dag. En dan wil ik hoop dat meneer en die twee vriende sal huis toe kom, dan kan ons tog vandag 'n diensie hê, want ons blij maar ver van die kerk af. Daarop het Fortier, nadat ons belowe het dat ons sou kom, getrap huis toe.

Pas was Fortier uit die gesig uit of die twee kwaai-jongens rol soos hulle lag. Vandag, sê Jan, wil ik daarom ook die preekerij gaan hoor.

Nou julle kan begryp ik was maar tamelik aangehaal, en daar was nie 'n uitkom kans nie. En waaroor nou gepreek?

Gelukkig so als ik gesê het, was ik die Sondag tevore op Kimberley in die kerk, en daar het die predikant net 'n ordentlike preek gehad oor die onderwerp: „Braak u een braakland en zaai tot milddadigheid,” en ik dag toen, ik sal maar so goed als ik kan oor dieselfde onderwerp praat.

Toen ons nou bij Fortier se huis gekom het, was die vloer vir ons te koud. Daar was 'n netjiese tafel gedek, en die Leeraar en vriende moes brekfis neem.

Na die ete werd alles opgeruim, en die diens moes 'n aanvang neem.

Ik het mij maar kalm gehou, en het werklik beter deur gekom als ik verwag het. Al wat 'n bietjie moeilik gegaan het was die singerij. Ik het toen so als ik gesê het, oor dieselfde onderwerp: „Braak u een braakland en zaai tot milddadigheid” gepraat, en het toen onder andere dit nog daarbij gevoeg: Wegens die baing klippe wat hier op die plaas is, is dit nou haas onmogelik om te braak, maar daar die broeder Fortier nou 'n stuk spaarveld aanhou vir reisigers, om hulle te vrijwaar van die verbreking van die Sabbat, kom dit letterlik op dieselfde neer.

Na die middag ete is ons weer terug wa toe, met twee boue vlijs, drie brode, 'n speenvark en 'n kan melk, en toen was die osse ook al so dik dat hulle lê. Tegen die aand het ons ingespan en gerij. Die volgende dag ontmoet ons Jan Potgieter, hij was net op weg naar Fortier toe, en daar ons hom ook goed geken het, het ons hom die hele affêre vertel, met die versoek dat hij Fortier moes laat verstaan dat ons hom onderdeur gespring het. Nadat Potgieter van Fortier terug gekom het, het hij ons, vir Jan en mijsel, bij hom op die kar gelaai, en daarmee het ons tot op ons bestemming gerij.

Ik vra toen aan Potgieter: Wat sê ou Fortier nou? Jong, antwoord hij, die ou was eers regte opgenome met die affêre, maar nadat ik hom vertel had, dat dit 'n kullerij van julle was, toen was hij so boos als 'n tiermannetje maar kan kom. En, vervat Potgieter verder, ik vra toen vir hom, waarom het die man dan gepreek? Nee wat, antwoord hij, ik weet nie meer nie, want ik kon sommer merk aan die opgee van die gesange, dat dit nie 'n predikant was nie, want net met die komstaan het hij Gesang 17 laat sing, en ik kan jou sê, dit het maar



smoor gegaan. Die kastige predikant het kamma 'n kou'e gehad, en ons ken nie die wijsie behoorlik nie, en dit was 'n hoesterij en 'n keel skoonmakerij van end tot end. Ik kan jou sê, ons het nie die gesang deur gesing nie, maar deur gemartel — en die preek — wag ik sal vir Jannie vra, waarop Jannie toen geroep werd. Bij sijn aankoms vra Fortier vir hom: Wat was weer die teks van daar die vabond wat Sondag hier gepreek het? Pa, ik weet nie meer reg nie, sê Jannie, maar ik denk dis omtrent die woorde: ‚Breek daar die brakland, en saai hom van biddadigheid’. Nou kan jij hoor, sê Fortier ewe verontwaardig, hoe 'n teks die skelm geneem het, en mij oge vol vet gesmeer het, maar dis die eerste, en dit sal die laaste keer wees, wat ik mij op so 'n manier sal laat onderdeur spring. En als enige man weer op mijn grond, Sondag of nie Sondag nie, sonder verlof uitspan, sal ik hom 'n teks leer wat hij nooit sal vergeet nie.”

---

## IN SIJN EIGE STRIK GEVANG.

---

In die distrik Worcester, in die ou dage, het 'n volstruis-boer gewoon, met die naam van Devos.

Die man was beroemd vir sijn gasvrijheid, en het dit altijd 'n genot geag, als hij vreemdelinge onder sijn dak had.

Die tijd het die mense, nog nie soos nou nie, self met hulle veere naar die veermarke gegaan nie, maar, dit maar gehou tot dat een of die ander veerkoper opdaag, en als hulle dan oor een kan kom, dit dan maar verkoop.

Meesal was dit Jode, wat van plaas tot plaas gerij het om sulke veere op te koop.

Een van die veerkopers, met die naam van Adams, het die distrik van Worcester uitgekies vir sijn handels terrein, en het ook regte dikwels bij Devos gekom, en altoos sijn veere gekoop.

Adams, had so'n innemende voorkoms, dat die mense met wie hij in aanraking gekom het, almal van hom gehou het.

Nieteenstaande dat Adams so veel vriende in die distrik gehad het, het hij tog maar gewoonlik sijn thuisplek bij Devos gemaak, want so als hij voorgegee het, het hij nooit 'n beter man geken nie.

Devos, daarteen het ook weer baing van Adams gehou, en altoos gesê, dat Adams een van die eerlikste veerkoopers was, wat hij geken het.

Daar is 'n ou gesegde: Dat jij eers met iemand 'n mud sout saam moet op eet, voor dat jij hom ken. En tog gebeur dit, dat jij met iemand ettelike jare saam woon en hom nog nie behoorlik leer ken nie. So was dit in die geval. En nog te meer daar Adams maar net gegaan en gekom het, was dit maar 'n bietjie voorbarig van Devos, om tot sulke konklusies te kom. So als ook nog later sal blijk.

Op 'n goeie dag, was Adams so als sijn gewoonte was, weer bij Devos aangekom, en daar hij wis dat hij altoos welkom was, het hij natuurlik die aand daar oorgeblij.

Toen hulle nou haas sou gaan slaap, had Adams 'n handsak bij hom, waarin hij voorgee dat daar vijf honderd pond aan papier geld in was, en wat hij ook so ewe onverskillig aan die kapstok in die gang ophang.

Devos sê toen daarop: „A nee, meneer Adams, dis daarom maar baing onversigtig van jou, want 'n skelm kan net vannag op een of die ander manier die huis binne kom en sou hij dan die sak met geld daar ontdek, dan is jij dit kwijt.”

Adams het daarop lekker gelag, en gemaak of daar nooit so iets kon gebeur nie, en voeg daar nog bij: „Honderde van male het ik reeds hier geslaap, en somtijds met drie keer so veel geld, als wat ik nou in daardie sak het, en nooit het hier nog iets gebeur nie, waarom sal ons dan nou bang wees? Nee, meneer Devos, ik denk dit is daar net so veilig als in die bank.”

Devos het daarom nog sijn ontevredenheid oor die handelwijse van Adams te kenne gegee, nie omdat hij iets kwaads vermoed het nie, want hij het te veel van Adams gehou, maar omdat hij bevrees was, dat hij dit mogelijk sou kon skade lij.

Maar hoe ook al, die sak het daar blij hang, en al-twee het gaan slaap.

Die volgende morre, nadat hulle koffie gedrink het, gee Adams aan sijn jong order om die kar in te span, daar hij van plan was verder te gaan.

Toen die kar ingespan was, het hij Devos en sijn familie gegroet, en stap toen naar die kapstok toe om die sak met geld te vat. Maar tot sijn grootste verwondering, en daarna aangematigde vermaak, bespeur hij dat die geld weg was.

Laggerig draai hij om naar Devos, en sê: „Ik sien jij wil hê, dat ik weer moet uitspan, want daarom het jij die geld weggesteek.”

Devos dag ook dat dit maar 'n grap was, wat Adams

gemaak het en met 'n glimlag sê hij spottend: „Waarom pas jij dan nie jou geld beter op nie?”

Adams gaat toen naar die deur toe, kijk 'n slag naar die kar, en sê aan Devos, die met hom saamgeloop het: „Meneer Devos, ik sou van harte langer wou geblij het, maar dringende besigheid vereis mijn teenwoordigheid op 'n ander plek, gee maar asseblief die geld.”

Vir die eerste keer kom Devos dit nou agter dat dit glad nie 'n grap was nie, want Adams het met alle erns gepraat, en sijn gelaat was helemaal verwése.

Verskrik sê hij toen aan Adams: „Nee meneer Adams ik weet werkelik niks van jou geld af nie, en ik het jou gistraand gewaarskuw dat dit maar bitter onverskillig van jou was, dit aan die kapstok te laat.”

Op 'n seer barstige toon val Adams weer in: „Meneer Devos, die geld was in jou huis, en daar, daar niemand anders in die huis geslaap het nie, als jij met jou familie en ik, en daar ik kan sweer dat die huis nie oopgebreek was nie, eis ik die onmiddelike terug betaling van die vijf honderd pond, of ik sal tot mij spijt, verplig wees mijn reg op 'n ander plek te gaan soek.”

Adams het geweet, dat Devos altijd 'n bedrag van vijf honderd pond kon betaal daar hij gewoonlik meer als so 'n som in sijn brandkas gehou het, want met die koop en verkoop van volstruise, was dit maar moeilik om elke slag bank toe te gaan.

Devos het altijd 'n afskrik van 'n geregshof gehad, en toen hij hoor dat Adams sijn reg op 'n „ander plek” wou gaan soek was hij maar van plan om die geld te betaal. „Want” dag hij, „die een of ander kan maar altemit die storie van Adams glo, al sou die uitspraak van die hof ten gunste van mij wees, dan blij daar tog maar altijd 'n blaam op mijn naam.”

En met die gedagte stap hij van Adams af, om die geld te gaan haal.

Tot sijn grootste verbasing en blijdschap ontmoet hij in die voorhuis sijn swager, die net binnegekom het om die dag bij hom te kom kuier.

Krause, so heet die swager, bespeur, nadat hij Devos gegroet het, toen aan sijn verwarde houding, dat daar iets buitengewoon gaande was, en vra toen aan Devos :

„Boetie,—want so het hij hom altijd genoem—wat skeel jou ?” waarop Devos hom in korte woorde en in ’n terneergeslage gemoedstemming, alles megedeel het.

Krause was van ’n moedige natuur, en daar hij Devos natuurlik goed geken het, sou hij sijn lewe in pand gegee het, dat sijn swager liever die dood sou ondergaan dan dat hij hom aan so ’n misdaad sou skuldig maak, en daarop sê hij : „A, nee boetie, ik sou nie so gou wees om te betaal nie. Laat ons Adams eers fisenteer.”

Daar die gesegde in die teenwoordigheid van Adams geuiter was, antwoord die toen daarop : „Goed ik is tevrede, daar is mijn kar, en daar is die kamer waar ik geslaap het. Begin maar.”

Krause vervat toen daarop : „Ja jou kar en jou kamer sien ons, en vir jou ook, maar voor dat ons die kar en die kamer gaan fisenteer, sal ons met jou beginne.”

Krause was ’n fris man, en pak Adams, met die laaste woorde, bij die arm, en trek hom die kamer binne.

Adams moes toen op bevel van Krause, hom ontkleed en sijn klere aan hom oorhandig. Bij die eerste stuk wat Adams oorhandig was hij doods bleek. En net toen Krause die baatje in sijn hand neem hoor hij papier raas!

Bij ondersoek het dit toen geblyk dat Adams in die afgelope nag die vermiste papier geld tussen die baatje en die voering daarvan, vas gewerk het.

Die afrekening was kort.—Krause het toen aan hom gevra, nadat sijn skelmagtigheid aan die kaak gestel was om self ’n voorstel te maak, waarop Adams, so wit als ’n laken geantwoord het : „Als julle mij belowe dat julle mij nie verder sal vervolg nie, dan sal ik op die ogenblik vijf honderd pond betaal.”

Die aanbod werd aangenome, en die bedrag ter beskikking van ’n inrigting vir arme, gestel.

Tot hulle grootste blijdschap het hulle nooit weer van Adams gehoor nie.

## OU DIK WILLEM.

---

Op die dorpie C. in die Kaap-Kolonie, het 'n Jood in een gebou, 'n groot winkel en 'n kantien gehad.

Dit was omtrent soos 'n man wat vogels vang met twee wippe—mis die een dan vang die ander.

Een van die bediendes, of klerke, wat in daardie besigheid werksaam was, het die onskuldige naam gedra van „Meenniks.” En die naam was ook mooi van toepassing op hom, want hij het net gemaak wat hij wou, en bij nader ondersoek, het dit altijd gebljck dat hij niks gemeen het nie.

Meenniks was van 'n lewendige en plesierige natuur, en sijn grootste lewe was, als hij maar net die een of die ander 'n poets kon bak. Die een dag het hij die klandisie laat peper snuiwe, die ander dag stel hij weer 'n slagijstertje onder 'n dun stukkie vloeï papier op, met 'n trippens daarop neergelê, so dat als die een of die ander sijn eerlikheid op die proef wou stel, hij natuurlik dan, tot groot vermaak van Meenniks, die ijster aan sijn vingers krij.

Baing van die klandisie het soontoe gekom, omdat hulle van die grappigheid van Meenniks gehou het; baing weer, het gekom, omdat hulle meer van die grappigheid van die kantien gedenk het, waaronder ou dik Willem ook een van was.

Die geleerde mense sê: als jij iemand baing lief het, en gedurig oor so een denk, dan sal daar later trekke van die voorwerp van jou liefde op jou gelaat te bespeur wees.

So was dit waarlik met ou dik Willem. Hij het baing van 'n vat gehou, en altijd oor een gedenk, en het ook later nes 'n vat gelijk. Vandaar die natuurlike bijnaam van Dik Willem.

Ou Willie was 'n geregelde besoeker van die winkel. Persies al om die ander dag kon jii hom daar ver wag het, met sijn wit merrie.

Sijn woning was omtrent 'n half uur te perd van die winkel af, en dit was te ver om te loop. Van daar die merrie.

Ou Willem het nooit baing gekoop nie, maar altijd baing gedrink, als hij dit verniet kon krij, want sijn krediet was skaars, en sijn geld skaarster.

Op 'n goeie dag, was ou Willem weer, als naar ge woonte aangekom, en nadat hij die kantien 'n besoek gebreng het, stap hij deur naar die winkel toe, en tot sijn grootste verbasing was daar niemand in nie, en die gevolg was, dat die ou se gedagte op 'n skottel eiers op die toonbank konsentreer.

Ou Willie was, om dit amper skriftelik uit te druk: Waarlik 'n ou Israeliet, in wien 'n hele boel bedrog was. En met sijn oog op besigheid was sijn gedagte een-twee drie in die woel:—

„Ses eiers, gee altemit drie kuikens, en drie kuikens altemit weer vier bottel.” Ag nee” denk hij weer, „ses eiers, een sopie, want die goed kan altemit vrot word; en een sopie in die maag, is beter als dertig in 'n vat.”

En met die gedagte, dam hij die skottel eiers bij, en begin om sijn sakke te vul.

Pas was hij klaar, of hier is Meenniks, die natuurlik alles gesien het uit 'n hoekie, waar ou Willem nie mooi opgelet het nie.

„Morre, oom Willie” sê Meenniks, ewe laggerig, „hoe gaan dit nog?” en voeg nog daarbij: „maar oom Willie jij word ook aldag vetter”, en klop met altwee sijn hande, weerskante op die ou se sakke!

Hoe dat ou Willem se sakke nou daaruit gesien het sal ik nie aanneem om te beskrijwe nie, en die assijntrek wat op sijn gelaat te lese was, was voldoende om 'n bobbejaan driemaal, agtermakaar te laat stuipe krij!

Om die minste te sê, ou Willem was die duiwel in,

en dat daar woorde hom ontglip het, wat 'n mens nooit in 'n kerk hoor nie, spreek sonder mond.

Meenniks het sommer begin om die ding dood te smoor, deur te sê: „Ag, oom Willie, jii moet ook nie sommer vir elke bakketel kwaad worde nie, want als ik nie van jou hou nie sal ik nie met jou korswil nie, en ik het mos nie geweet dat jij twee hoenderneste in jou sakke gehad het nie.”

Woorde was nie in staat om ou Willem te streel nie, dit moes iets meer smakeliks wees, en dit wis Meenniks ook, waarop hij ou Willie bij die hand neem en sê: „Kom maar, oom Willie, ons gaan 'n „Knijper” (1) maak.”

Die eerste en die tweede „Knijper” het nie veel op ou Willem uitgevoer nie; die ou blij maar boos, maar na die vierde, was die ou weer normaal en kort daarna was hij op die wit merrie sing, sing, huis toe.

'n Paar dage daarna, staan Meenniks in die straat, en wat sal hij sien! daar kom ou Willem.

„Wag” sê Meenniks bij homself, „van morre sal ik jou 'n strijk wijs”, en met die gesegde vlie hij die kantien binne, en tap 'n glas vol brandewijn van die sterkste soort. Partij mense het daar die soort brandewijn, vuur-, ander weer lawaai-water, genoem; terwyl sommige mense dit weer bij die naam van kettangblits geken het. Maar wat hulle dit ook al mag genoem het, die hoeveelheid wat in die glas was, was genoeg om ag man mooi spraakzaam te maak.

Meenniks sit die glas toen op die toonbank neer, en het toen homself versteek.

Kort daarna, stap ou Willie die kantien binne, en dit het ook nie lank geduur nie of sijn besigheids oog het die glas ontdek, en wat nog meer is, dat daar niemand was nie. Sijn gedagte sê sommer: „Besitting is nege punte van die wet”, en daarop slaan hij sommer sonder aarsel die glas weg.

---

(1) Sopie



Net toen hij klaar was, stap Meenniks die kantien binne, met sijn: „Morre oom Willie, hoe gaan dit nog?” Maar gedurig had hij sijn oge op die toonbank als of hij iets soek—dan op dan af. Eindelijk vra hij dan aan ou Willem of hij nie altemit gesien het, wat van die glas goed geworde het, wat hier gestaan het nie?

Ewe onskuldig antwoord ou Willem: „Ja Meenniks, dit was ’n bietjie brandewijn, en ik het dit uitgedrink.”

Meenniks maak of hij vreeslik geskrik het, en steek sijn twee hande in die lug en sê: „O hemel! oom Willie, hoe kan jij tog so ’n ding doen? Dis ’n glas gif wat ik aangemaak het om in vlijs te spuit, om ongediertes te ver-géwe”, en voeg toen nog verder bij, als of hij regte verdrietig was: „Nou moet jij gaan sterwe, oom Willie, en als jij nog jou familie vir die laaste maal wil sien, moet jij maar gou maak dat jij bij die huis kom.”

Ou Willem het niks verder nodig gehad nie, want binne een minuut was hij in die wit merrie se kam, en sambok en spore was aan die orde. ’n Kwartier daarna, jaag ou Willem sijn eige werf binne.

Ou tant Mita, sijn ou vrou, was voor die deur, en het haar bijna doodgeskrik, omdat ou Willem op so ’n skriklike vaart die werf binne ja.

„Wat het daar gebeur Willem?” vra sijn toen hij afklim, „het jij ’n spook gesien, of vlug jij vir ’n konstawel?”

„Nee,” antwoord Willem, terwyl hij die huis binne stap, „niks van die soort nie. Laat roep die kinders en die familie, ik gaat sterwe, want ik het met ’n ongeluk gif gedrink”, waarop hij gaat lê!

Ou tant Mita aan die huil, die kinders en die familie ook.

Die een het haastig dorp toe geja, om die dokter te haal, maar hij was uit.

Huismiddels kon jij die ou nie inkrij nie, want hij skop en slaan, en praat deurmakaar, dat dit ’n naarheid was.

Al wat ou tante Mita kon doen onder die omstandig-

heid, was maar broodpappe op die maag, en kou'e kom-  
presse op die voorhoof sit.

Om twaalf uur het die ou maar naar gelijk: Die  
oge half geslote, en die adem-haling maar swaar.

Onder 'n stortvloed van trane het ou tant Mita en  
die kinders toen gepraat om maar die doodkis te bestel!

Om twee uur het dit gelijk of daar kan beterskap  
wees, want die oge was geslote, en die ademhaling sag  
en die koors was helemaal weg.

Die een sê: „hij is helemaal beter”, die ander weer:  
„Nee, dit lijk maar altijd so, kort voor die dood.”

Maar wat hulle ook al gedenk het, om ses uur staan  
ou Willem op — Perd-nugter!

En daar trek ou tant Mita los, soos klippe wat 'n  
krans afkom wat jij met dinamiet los geskiet het: „Jou  
ou aartskarnalie, dan gaan jij dorp toe, om jou te gaan  
dronk suip, en dan het jij nog die onbeskoftheid, om vir  
ons wijs te maak, dat jij gaan sterwe? Denk 'n bietjie-  
so 'n ou vagebond! hoe het hij ons verniet laat skree.  
Dat ons nog so malkop gewees het om die ou ding  
te glo! En nog bovenop die verskriklike skande wat hij  
ons aangedraai het! Begrijp nou, als Keyter altemit morre  
kom om maat te neem vir di kis, dan sal hij goedkoop  
kantien toe moet gaan, om die ou diksak te gaan op-  
soek!” En so sou sij tot die ander dag aangehou het, als  
ou Willem haar nie in die rede geval het nie:

„Ag vrou, stil tog maar asseblief, mijn kop is baing  
naar, en dis 'n poets, wat die vervlakste Meenniks  
mij gebak het. Maar so gou ik weer op die dorp kom sal ik  
hom dit betaal sit,” waarop die ou vrou inval: „Blij jij  
maar gerus van Meenniks weg, want jij sal niks uitvoer  
nie, en twee keer dronker thuis kom.”

Ou Willie het die raad van sijn vrou aangeneem, het  
vir altijd met Meenniks gebreek, en toen sijn handelsplek  
bij 'n ander winkel gemaak.

## 'N MISREKENING.

---

Danie van der Walt van die Boland, (Danie Jentelman, soos hulle hom altijd in die wandeling genoem het omdat jii hom nooit sonder 'n keil en 'n manêl gesien het nie) was op Somerflakte, in die Vrijstaat, om bij sijn nooi, Sannie de Jager, te kuier. Danie was verloop aan Sannie, en die sprake was dat hulle binne kort sou trou—maar hulle het nie!

Die tweetjies het lekker gesit en gesels die aand, en omdat daar nou 'n beweging op tou was, dat van Somerflakte die volgende morre 'n gensbok jagpartij (perde-ruiters) sou vertrek, het hulle gesprek ook daarom-trent gewees.

Sannie merk toen op: „Jij weet Danie die grootpraters sal morre weer hier bijmakaar kom, om gensbokke te gaan skiet, en ik is al waarlik moeg vir die spogterij van partij van hulle—jij weet hulle gedagte is, dat niemand in die wereld so kan skiet en perd rij soos hulle nie, en vir jou sal hulle nie eens ontsien nie, want hulle denk mos dat die mense van die Boland te dom is om met 'n roer om te gaan. Soos Piet Skietfontein nou nog die ander dag gesê het: „Die Bolanders weet nie hoe om met 'n geweer te werk nie, want terwijl die een aanlê om te skiet, loer die ander bij die loop in om te sien hoe die kogel uit kom.”

„Maar” val Danie in „hulle kan hulle daarom altemit kul, dis maar alte jammer dat mijn kar-perde nie kan gerij worde nie, anders sal ik hulle mogelijk ook 'n lessie geleer het.”

„Ja”, vervat Sannie, „ik reken tog seker jij kan net so goed skiet en perdrij als een van hulle, en dit sal tog al te goed wees, als jij hulle 'n bietjie kon troef.”